# Die Bloemfonteinse oproer van 1925

*C.J.P. le Roux*

*Departement Geskiedenis*
*Universiteit Vista (Bloemfontein)*

Op 'n bewolkte Sondagmiddag in April 1925 het oproer in Waaihoek, 'n swart woonbuurt van Bloemfontein, uitgebreek. Teen sononder het die polisie die oproer öenskynlik onder beheer gehad. Die volgende dag het dit opnuut uitgebreek, maar is weer onder bedwang gebring. In die twee-daagse oproer het vyf swartes in skermutselings met die polisie gesterf.[1] Die erns van die oproer was nie slegs af te lei van die ongevalle nie, maar ook van die wye reaksie wat dit uitgelok het. Koerante oor die hele land het die voorval gerapporteer. Wit en swart korrespondente het briewe aan die media geskryf, terwyl ook die African National Congress (ANC) en die Industrial and Commercial Workers' Union (ICU) gereageer het. 'n Hofondersoek na die oorsake en verloop van die oproer het onmiddellik gevolg, waarna die regering 'n kommissie van ondersoek aangestel het.


Die oproer in Bloemfontein was geensins 'n ongewone gebeurtenis nie. In sowel die platteland as die stedelike sentra het geweld, protes en weerstand in die twintigerjare onder die swartmense van Suid-Afrika voorgekom. In die stedelike sentra was die oproerighede hoofsaaklik sosiaal-ekonomies van aard. Reeds in 1919 het oproer in Bloemfontein en Johannesburg, op die steenkoolmyne in Natal en in die Kaapse hawe onder dokwerkers voorgekom. In 1920 was daar hernude oproer in Johannesburg en Port Elizabeth. Die swartmense het hulle in 1929 verset teen die munisipale administrasiestelsel van Durban. Dieselfde het in 1937 in Vereeniging gebeur.[2]

In die lig van die huidige rassekonflik en algemene onrus in Suid-Afrika sou dit insiggewend wees om ondersoek in te stel na die oorsake en verloop van die 1925-konflik in Bloemfontein. Dit behoort veral lig te werp op die verhouding tussen wit en swart op plaaslike vlak. Dit sluit onder meer in die houding van swartmense teenoor die munisipale regulasies vir die swart woonbuurte en die verhouding tussen die owerhede en die swart inwoners. Die doel met so 'n ondersoek is ook om vas te stel of die oproer, wat die swartes betref, geslaag het, m.a.w. of daar aan hulle griewe gehoor gegee is.


## DIE OPROER

Die swart woonbuurte van Bloemfontein het ten tyde van die oproer uit Waaihoek, Bethanie, Batho, Kafferfontein en No. 3 Location bestaan. Die totale bevolking het op 20 000 gestaan en in Waaihoek self was daar 1 023 huise in 'n gebied wat 100 akker (40 hektaar) beslaan het. Die ander woonbuurte het oor 800 (325 hektaar) gestrek.

Die oproer wat tot Waaihoek beperk gebly het, het op 19 April 1925 ontvlam toe twee konstabels op die bierparty van 'n groep swart vroue afgekom het. Die party wat ook deur ongeveer 1 000 mans bygewoon is, het rustig voorgekom en op 'n oop plein, grensende aan Monumentweg, vlak by die stad plaasgevind. Die vroue, vergesel van die mans, het sonder waarskuwing op die konstabels afgestorm, hulle met klippe bestook en met stokke en kieries aangeval. Die konstabels het inderhaas teruggeval om versterkings te ontbied.[3] Tydens die daaropvolgende skermutseling is een swartman doodgeskiet. Onder die indruk dat die polisie daarvoor verantwoordelik was, het die oproermakers Sondagnag die woonbuurt beset en die polisiestasie en huise van die swart konstabels erg beskadig. Selfs 'n verbygaande trein is met klippe bestook.




Maandagmiddag het die polisie die oproermakers gewaarsku om te verdaag, aangesien hulle die bepalings van die Wet op Oproerige Byeenkomste (No. 27 van 1914) oortree. Hulle het naamlik sonder magtiging van die plaaslike landdros vergader, die openbare veiligheid in gevaar gestel en die oggend ook swart werkers deur intimidasie verhinder om te gaan werk. Die oproermakers het die stadsraad en polisie se versekering dat hulle eise om hersiening van die sorghumbierregulasies en loonkerf ondersoek sou word, verontagsaam. Hulle het daarop aangedring dat die polisie hulle onttrek — iets wat om openbare veiligheidsredes geweier is.



*Die polisie, met lt-kol. G.S. Beer voor, neem stelling in.*
FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN (VAJ614)

**IW: Alle argivale verwysings berus op bronne in die Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein.**

[1] U.G. 14-1927 *Report of the Native Affairs Department, 1922-1926*, p. 19 (U.G. = Regeringspublikasie van die Unie van Suid-Afrika).

[2] U.G. 34-1922 *Report of the Native Affairs Department, 1919-1921*, pp. 1-2; S. Marks en S. Trapido, *The politics of race, class and nationalism in twentieth-century South Africa* (Londen, 1987), p. 257 e.v.; F.A. Mouton, 'Swart verset teen die Durbanse munisipale administrasiestelsel, 1929-1930' (M.A., UP, 1985); J.E.H. Grobler, 'The Vereeniging riots of 1937', *Historia* 32 (2), September 1987, pp. 44-45.

[3] *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika* (hierna *Staatskoerant*), 11.9.1925, pp. 472-473 en 479; *The Friend*, 2.5.1925 (Location shooting mystery); MBL (Munisipaliteit Bloemfontein, notule) 1/2/4/1/8: Kwartaalverslag, Komitee vir Naturellesake, September 1925, pp. 1-2.

Die houding van die oproermakers het so dreigend voorgekom dat die polisie besluit het om ingevolge die Wet op Oproerige Byeenkomste burgerlikes as spesiale konstabels en konstabels van die Regiment Spoorweë en Hawens te koöpteer om die opstand te beëindig. Die spesiale konstabels wat in die voorste gelid marsjeer het, was slegs met pikstele bewapen. In die skermutseling wat Maandagmiddag gevolg het, is vier swartes doodgeskiet en 24 gewond. Een swart en twee wit konstabels is ernstig gewond en sestien lig beseer terwyl 148 swartmans en 27 swartvroue op aanklag van openbare geweld gearresteer is.[4]



*Blanke piksteelkommando vergader in Harveyweg by die ingang van die swart woongebied.*

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN (VA5)

In die voorlopige hofondersoek en die daaropvolgende Kommissie van Ondersoek is bevind dat die slagoffers nie deur die polisie geskiet is soos die swartes geglo het nie. Die koeël wat die swartman se dood die Sondagmiddag veroorsaak het, was 'n 0,38-kaliber, terwyl die polisie met 0,45-diensrewolwers toegerus was. Daar is gevolglik bevind dat die 0,38-koeël deur 'n onbekende burgerlike afgevuur is. Wat betref die dood van die vier swartes die Maandagmiddag het die Kommissie ook tot die gevolgtrekking gekom dat 'n onbekende burgerlike of burgerlikes daarvoor verantwoordelik was. Omstandighede tydens die oproer — soos die dreigende houding van die burgerlikes, hulle besit van rewolwers, gewere en ander wapens, dat hulle binne skietafstand was en skote teenstrydig met polisiebevele gevuur het en dat die polisie slegs in selfverdediging sou vuur — het die Kommissie oortuig dat burgerlikes die skuldiges was. Weens 'n gebrek aan voldoende getuienis kon niemand egter vasgetrek word nie.[5]

Kritiek teen die optrede van burgerlikes wat nie deur die polisie gekoöpteer was nie, het wyd opgeklink. Die ongemagtigde skietery deur die burgerlikes is beskou as die afkeurenswaardigste aspek van die oproer. Indien die burgerlikes gemeen het dat die oproermakers die veiligheid van die stadsinwoners bedreig het, moes hulle hulle by die spesiale konstabels aangesluit het. Hulle onverantwoordelike optrede kon net 'n nadelige uitwerking op wit-swart verhoudinge in Bloemfontein gehad het.[6]

Die skietery het nietemin die oproer beëindig. Dit was 'n uitkoms aangesien die leiers van die oproermakers geweier het om met die polisie oor die beëindiging van die oproer te onderhandel. Het die polisie op oproermakers geskiet, sou die ongevalle waarskynlik veel ernstiger gewees het.

Die optrede en goeie oordeel van die polisie in die oproer is egter bevraagteken. Die Kommissie van Ondersoek en lede van die munisipale Naturelle-advieskomitee het gemeen dit was 'n oordeelsfout om die spesiale konstables met pikstele



*Die oproermakers in die agtergrond by die ingang na Waaihoek teenoor die blankes in die voorgrond.*

FOTO: VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK, BLOEMFONTEIN (VA5616)

voor in die aanvalsgeledere te plaas. Hulle het nie as afskrikmiddel gedien nie, aangesien kieries of stokke ook die vertroude wapens van die swartmense was. Sowel C.D. Modiakgotla, algemene sekretaris van die Vrystaatse tak van die ANC en H.D. Tyamyaske, assistent-sekretaris van die ICU, as die pers het die polisie erg verkwalik dat die gewapende burgerlikes nie gearresteer is nie en selfs toegelaat is om die polisie in die swart woonbuurt te volg waar hulle gearresteerdes ernstig aangerand het. Indien die polisie meer as 170 swartes kon arresteer, kon hulle ook 25 burgerlikes wat as't ware tussen hulle was en hulle ooglopend in die uitvoering van hulle pligte gedwarsboom het, gearresteer het. Dat die polisie na die mening van die Kommissie van Ondersoek deurentyd in beheer van die situasie was, moet dus ook bevraagteken word. Die oorweging het ernstige refleksie op die geloofwaardigheid en onpartydigheid van die Kommissie se verslag gewerp.[7]

## OORSAKE

Die Kommissie van Ondersoek het die munisipale sorghumbierregulasies en die loonvraagstuk as die hoofoorsake van die oproer geïdentifiseer. Hierdie oorsake het 'n jarelange aanloop gehad en gedurende die twaalf maande voor die oproer tot 'n groeiende gevoel van onrustigheid en verbittering onder die inwoners van die swart woonbuurte aanleiding gegee.[8] Daar was ook verwante oorsake soos die aard van munisipale beheer oor die oorbevolkte woonbuurte, werklose swart mans en vroue, die posisie van die Naturelle-adviesraad en die opruiende invloed van organisasies soos die ANC en die ICU.

[4] Wet op Oproerige Byeenkomste, no. 27 van 1914, Artikel 1, 4, 8 en 10, pp. 241-244 en 246-248; *Staatskoerant*, 11.9.1925, pp. 473-476; *The Friend*, 21.4.1925 (Central city's day of tragedy), 22.4.1925 (Aftermath of the location tragedy), 29.4.1925 (Riots inquiry), 2.5.1925 (Location shooting mystery).

[5] *Staatskoerant*, 11.9.1925, pp. 416-417; *The Friend*, 2.5.1925 (Location shooting mystery), 12.9.1925 (The riots in the location).

[6] *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 476; *The Friend*, 25.4.1925 (Location drama), 30.4.1925 (Riots inquiry ended), 12.9.1925 (The riots in the location); E. Roux, *Time longer than rope* (Londen, 1978), pp. 157-158.

[7] *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 476; *The Friend*, 12.9.1925 (The riots in the location), 14.9.1925 (A native criticism), 28.9.1925 (Waaihoek riots in April), 1.10.1925 (The location riots), 29.12.1925 (Redaksioneel). Vgl. voetnoot 30 vir meer besonderhede oor die Naturelle-adviesraad, sy samestelling, funksies en gebreke.

[8] U.G. 14-1927 *Report of the Native Affairs Department, 1922-1926*; *The Friend*, 30.9.1925 (Location riots); *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 477.

Dit was egter die sorghumbierregulasies wat as onmiddellike oorsaak van die oproer uitgesonder is. Dit het onder meer ingesluit die algemene verbod op die koop van ontkiemde koring (sprouted corn) en die aard van die beheer wat die munisipaliteit en polisie oor tuisbrouery uitgeoefen het. Die regulasies het 'n onbekende aantal swart vroue (waarskynlik 'n paar honderd) aangespoor om daardie Sondagmiddag in April 1925 'n bierparty te hou om hulle misnoeë met die beperkinge te toon. Die voorafgaande week was daar reeds 'n grootskaalse drinkery in die woonbuurt. Die blote verskyning van die twee konstabels op die toneel was vir die vroue voldoende aansporing om hulle onder die klippe te steek.[9]

Die Naturelle-stadsgebiedewet (Wet no. 21 van 1923) het vir die tuisbrou van bier of die brou en verkoop daarvan deur die munisipale owerhede (soos in Natal) voorsiening gemaak. Anders as in Transvaal waar daar 'n algehele verbod op die koop en verbruik van enige drank deur swartmense was, is hulle in die Oranje-Vrystaat (en Kaapprovinsie) toegelaat om sorghumbier (juala) tuis te brou en te gebruik, maar beperk tot vier gallon (18 liter) per gesin.

Die stadsraad van Bloemfontein het binne die omskrywing van die wet die verkoop of verskaf van ontkiemde koring vir die brou van bier deur enige persoon of handelaar verbied. Dit is gedoen omdat die ongekontroleerde verkoop van ontkiemde koring in die verlede tot misbruik soos die verkoop en brou van oormatige hoeveelhede bier aanleiding gegee het. Die stadsraad is in sy standpunt deur sy Komitee vir Naturellesake, die Naturelle-adviesraad en die polisie ondersteun. Laasgenoemde het weens die toenemende voorkoms van dronkenskap steeds strenger teen oortreders van die bierregulasies opgetree. Uit misdaadstatistiek het geblyk dat dronkenskap sedert die algemene verbod op die verkoop van ontkiemde koring toegeneem het, waarskynlik omdat groot hoeveelhede bier toe onwettig gebrou is.[10]

Swartes het die verbod op die algemene beskikbaarheid van ontkiemde koring betreur omdat diegene wat daagliks gewerk het, nie self die ontkieming van die koring kon behartig nie. Hulle was verplig om snags te werk want die brou van die bier was 'n langdurige proses van ongeveer drie weke wat die ontkieming, droogmaak, maal en brou van die koring behels het. Die verbod op die koop van die ontkiemde produk in die winkels het aan werklose swartes en persone van buite Bloemfontein die geleentheid gebied om bier te brou en teen hoe pryse in die swart woonbuurte te verkoop. Dit het die deur vir allerlei gesondheidskadende brousels geopen.[11]

Die werklose, ongetroude swartvrou was vir die meeste van die oproer in swart woonbuurte verantwoordelik. Sy het gewoonlik deeltydse takies soos dié van wasvrou verrig. Haar primêre tydverdryf was egter onwettige bedrywighede soos prostitusie en die brou en verkoop van groot hoeveelhede drank. Haar posisie is ontoereikend gehanteer deur artikel 17 van die Naturelle-stadsgebiedewet wat vir werk- of boerderykolonies voorsiening gemaak het. Sy was naamlik dikwels in besit van 'n standplaas wat op grond van haar vorige permanente werk aan haar toegestaan is. Die enigste moontlike oplossing was die wysiging van die wet om vir die repatriasie van sulke vroue na hulle vorige verblyfplek voorsiening te maak. Om egter 'n algemene verbod op die verkoop van drank te plaas, sou moeilik afdwingbaar wees.[12]

Sowel die stadsraad as wit en swart kerkleiers was afkerig van die munisipale beheer (brou en verkoop) van surghumbier. Die Komitee vir Naturellesake en die Naturelle-adviesraad was ook daarteen gekant omdat so 'n stelsel die swart jeug onder die indruk sou bring dat bierdrink respektabel was en gevolglik die drinkgewoonte aanmoedig.

Albert Luthuli, 'n vooraanstaande ANC-leier, het ook die munisipale beheer oor die brou van bier afgekeur, hoofsaaklik omdat vroue bier tuis goedkoper kon brou. Dit het in elk geval ook nie in Durban doeltreffend gewerk nie.[13]

Die aard van die beheer wat die munisipaliteit en polisie oor die tuisbrou van bier uitgeoefen het, het die swart inwoners van die woonbuurte die harnas ingejaag. Uit getuienis voor die Kommissie van Ondersoek en die swart leiers in gesprek met die stadsraad en polisie-offisiere het geblyk dat die optrede van konstabels tydens klopjagte en die wetlike leemte aan 'n behoorlike omskrywing van 'n bierparty belangrike griewe was. Die algemene klagte was dat die polisie onnodig ru te werk gegaan het wanneer hulle snags 'n huis tot groot ongerief van die inwoners omgekrap het. Die swart konstabels wat nie deur hulle wit kollegas vergesel is nie, het hulle soektog na die meer as voorgeskrewe maksimum van vier gallon op aanmatigende wyse en sonder 'n lasbrief (wat nie vereis is nie) uitgevoer.[14]

'n Groter ergernis was die arrestering van die gesinshoof en sy vriende wanneer hulle besig was om bier te drink. Die Naturelle-stadsgebiedewet en die munisipale regulasies het geen bepaling vir die hou van 'n bierparty of 'n omskrywing daarvan bevat nie. Daar is slegs bepaal dat hoogstens vier gallon per dag vir gebruik deur die gesinslede gebrou kon word. Hoofstuk 109 van die Vrystaatse Wetboek (1854-1891) het wel bierpartye toegelaat — met die skriftelike toestemming van die landdros. Die Naturelle-stadsgebiedewet het hoofstuk 109 nie herroep nie. Die hou van bierpartye is ook gedek deur artikel 33 van die munisipale regulasies. Daarvolgens kon die lokasiesuperintendent enige onthaal of vermaak verbied wat na sy oordeel 'n steurnis veroorsaak het.[15]

By gebrek aan 'n omskrywing van die begrip 'bierparty' in die Naturelle-stadsgebiedewet het die landdroshof van Bloemfontein, sonder inagneming van hoofstuk 109, geoordeel dat wanneer sorghumbier (soos tee in 'n blanke huis) ook aan besoekers gegee is, daar 'n wetsverbreking was, want tegnies gesproke was daar dan 'n bierparty. Die hof het foutiewelik aanvaar dat bierpartye verbode was, terwyl die teendeel hierbo bewys is. Dit is onwaarskynlik dat die wetgewer sou bedoel dat só streng teen 'n persoon en sy

[9] *The Friend*, 20.4.1925 en 21.4.1925 (Redaksioneel).

[10] Administrateurskennisgewing, no. 20 van 1925, regulasie no. 34, kragtens die Naturelle-stadsgebiedewet, no. 21 van 1923, Artikel 23; U.G. 22-1932 *Die Naturelle Ekonomiese Kommissie, 1932*, pp. 118-120; J.R. Cooper, 'Natives and intoxicating liquor', *The South African Outlook* 63 (750), 1.11.1933, p. 217; MBL 1/2/4/1/7: Maandverslag, Departement Naturelle-administrasie, Maart 1925 en Junie 1934; Administrateurskennisgewing, no. 61 van 1925; MBL 1/2/4/1/8: Kwartaalverslag, Komitee vir Naturellesake, September 1925, pp. 1-2 en 7; *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 4/8; *The Friend*, 2.10.1925 (Location riots).

[11] MBL 1/2/4/1/8: Maandverslag, Departement Naturelle-administrasie, Augustus 1925, p. 12; *The Friend*, 14.9.1925 (Redaksioneel), 28.9.1925 (Waaihoek riots in April).

[12] MBL 1/2/4/1/8: Agenda, Komitee vir Naturellesake, 17.9.1925, p. 4; *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 480-482; U.G. 14-1927, p. 20.

[13] MBL 1/2/4/1/7: Algemene vergadering, Komitee vir Naturellesake, 21.10.1924; F.A. Mouton, 'Swart verset', p. 336; A. Luthuli, *Let my people go* (Londen, 1987), pp. 57-59.

[14] *Staatskoerant*, 11.9.1925, pp. 477-478; *The Friend*, 21.4.1925; MBL 1/2/4/1/8: Kwartaalverslag, Komitee vir Naturellesake, September 1925, pp. 1-2, 7 e.v.; *The Friend*, 2.10.1925 (Location riots); Union of South Africa, *Report of the Select Committee on the Liquor Bill*, Mei 1926, pp. cxii, 47-48, 82 en 215; Lokasieregulasies ingevolge Goewermentskennisgewing no. 1992 van 2.12.1924 en Administrateurskennisgewing no. 20 van 1925.

[15] *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 477; MBL 1/2/4/1/9: Agenda, Algemene vergadering, Komitee vir Naturellesake, 17.3.1926.

vriende wat saam bier drink, opgetree word, tensy redes soos rusverstoring of oorskryding van die voorgeskrewe vier gallon bestaan het. Die afleiding is gevolglik dat die polisie soms buite perke opgetree het, en dat die huisbewoners wel rede tot klagte gehad het. Die interpretasie wat die hof aan die wet en munisipale regulasies geheg het, het tot onhoudbare resultate gelei, want onskuldiges is gearresteer en beboet.[16]

Griewe oor die bierregulasies kan nie sonder meer as ongeregverdig afgemaak word nie. Koringbier was (en is steeds) die nasionale drank van die swartmense. Dit is 'n integrale deel van die stadswarte se sosiale lewe. Hulle het die betrokke wetgewing as 'n onbillike inkorting van hulle sosiale vryheid en gewoontes beskou. Polisie-offisiere het voor die Kommissie van Ondersoek getuig dat swart konstabels, wanneer hulle nie deur hulle wit kollegas op huisbesoek vergesel is nie, aanmatigend opgetree het. Twee vooraanstaande leiers in die woonbuurte, T.M. Mapikela en P. Phatlani, albei lede van die Naturelle-adviesraad en uitvoerende bestuurslede van die ANC, het in die openbaar getuig dat daar wel gevalle van bierbrouery was, maar nie op só 'n groot skaal dat dit gereelde klopjagte geregverdig het nie. Klagtes oor klopjagte en voorstelle om meer takt en bedagsaamheid tydens sulke optrede aan die dag te lê, is deur die plaaslike owerheid en die polisie geïgnoreer. Dit was onvermydelik dat die toedrag van sake later tot konfrontasie en oproer sou lei.[17]

Uit die kommissielede se aanbeveling het dit geblyk dat hulle met die onbenydenswaardige posisie van die swartes gesimpatiseer het. Hulle het aanbeveel dat swart konstabels tydens klopjagte deur 'n wit kollega vergesel word. Sulke klopjagte moes ook verkieslik bedags geskied. Die stadsraad was op aanbeveling van die Naturelle-adviesraad en die Komitee vir Naturellesake egter nie bereid om die Kommissie se voorstel oor die opheffing van die verbod op die verkoop van ontkiemde drank te aanvaar nie. Die aanbeveling dat permitte vir meer as die voorgeskrewe vier gallon uitgereik word, is deur die Naturelle-adviesraad ondersteun en was in ooreenstemming met hoofstuk 109 wat vir die oorskryding van die maksimum voorsiening gemaak het. Dit het ook gestrook met die standpunt van lokasiesuperintendent J.R. Cooper dat gekontroleerde drankverbruik goedkoper was as die instandhouding van 'n groot polisiemag asook die uitspraak van die Naturelle-Ekonomiese Kommissie dat 'n algehele verbod op sorghumbier in elk geval nog altyd misluk het. In die Oranje-Vrystaat was die tuisbrou van bier algemene praktyk.[18]

Die loonvraagstuk was net so 'n belangrike oorsaak van die oproer as die sorghumbierkwessie. Die vraagstuk is gekompliseer deur ander faktore soos werkloosheid en die agitasie om hoër lone vir Bloemfontein se swart werkers.

Die eis om hoër lone het sedert die einde van die Eerste Wêreldoorlog skerp toegeneem, veral weens droogtetoestande landwyd en die stygende pryse van verbruikersgoedere. Swart lone wat nog op vooroorlogse vlakke vasgepen was, stygende inflasie en 'n traagheid van plaaslike owerheidskant om basiese geriewe soos behuising, water, elektrisiteit, riolering en behoorlike strate te verskaf, het tot 'n dramatiese verlaging in die lewenspeil van swart werkers (en selfs die meer gegoede werker) gelei.

Weens swartes se swak finansiële posisie kon die naturelle-inkomsterekening van die Bloemfonteinse stadsraad nie fondse vir basiese geriewe in swart woonbuurte voorsien nie. Vertoë van vooraanstaande inwoners van die woonbuurte, swart organisasies en selfs die Naturelle-adviesraad kon die stadsraad nie tot enige van die voorgestelde verbeterings oorreed nie, hoofsaaklik omdat die ekonomiese belange van die raad en sy kiesers die swaarste geweeg het. Daarom het die raad ook nie handelsreg verleen wat die persoonlike geldnood van die swartes aansienlik kon verlig nie, omdat die swart handelaar daardeur sy wit eweknie van winste kon beroof. Uit vrees dat kiesers nie vir hulle in 'n volgende munisipale verkiesing sou stem nie, was raadslede voorts nie bereid om onder andere die blankes se munisipale belastings te verhoog om in die basiese behoeftes van die swart woonbuurte te probeer voorsien nie.[19]

Die situasie is verder vererger deur die praktiese uitwerking van die Naturelle-landwet van 1913 wat deelsaaiery tussen swart boere en wit plaaseienaars verbied het. Swart deelsaaiers het hulle gevolglik na die stede vir 'n heenkome gewend. In Bloemfontein, soos in die ander stedelike sentra, was die neiging onder werkgewers egter om hulle swart werkers weens die swak ekonomiese toestande af te dank ten einde koste te bespaar. Die posisie van die swart werker en werksoekers op die platteland is verder benadeel deur die politiek van die Hertzogregering om, waar moontlik, swart werkers met wit werkers te vervang. Bowendien het die Naturelle-stadsgebiedewet 'n werksoeker belet om in 'n swart stedelike woonbuurt te bly tensy hy 'n werk gehad het. Indien hy geen werk kon vind nie, moes hy na 'n werkkolonie of sy vorige werkkring op die platteland gerepatrieer word.[20]

Swart werkers op die platteland se ontevredenheid met hul verslegtende ekonomiese posisie het ook in die stad weerklank gevind. Vanaf 1918 tot na 1930 het agitasies om hoër lone sporadies in Bloemfontein en ander stedelike sentra soos Johannesburg en Port Elizabeth voorgekom. Een van die eerste agitasies van die aard het juis gedurende Maart 1919 in Bloemfontein plaasgevind.[21]

Die georganiseerde protesaksie teen lae lone het hoofsaaklik uitgegaan van die ICU wat in 1919 gestig is om die swart werker te organiseer om sy lewensomstandighede te verbeter. Ongeveer twee maande voor die oproer in 1925 het die ICU en die ICWU verskeie vergaderings oor hoër lone in die swart woonbuurte toegespreek. Vroeg in Februarie 1925 het C. Kadalie, die president van die ICU, 'n afvaardiging na die Komitee vir Naturellesake gelei om op 'n minimumloon van 6s.6p. per dag vir swart werkers in Bloemfontein aan te dring. Na die loonagitasie van 1919 het die stadsraad, in same-

[16] *The Friend*, 24.4.1925 (Location dwellers' grievances); *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 477.

[17] E. Hellman, 'The importance of beer-brewing in an urban native yard', *Bantu Studies* 8(1), Maart 1934, pp. 39-60; *The Friend*, 22.4.1925 (The local riots); U.G. 22-1932, pp. 119-120.

[18] *Ibid.*; *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 481; MBL 1/2/4/1/8: Algemene vergadering, Komitee vir Naturellesake, 9.11.1925; MBL 1/2/4/1/9: Agenda, Komitee vir Naturellesake, 6.2.1926; Cooper, 'Natives and intoxicating liquor', pp. 214-217.

[19] MBL 1/2/4/1/8: Kwartaalverslag, Komitee vir Naturellesake, September 1925, p. 7; MBL 1/2/4/1/22: Spesiale vergadering, Naturelle-adviesraad, 5.12.1932; MBL 1/2/4/1/23: Gesamentlike vergadering, Komitee vir Naturellesake en Naturelle-adviesraad, 19.7.1933, pp. 3-4 en Algemene vergadering, Naturelle-adviesraad, 21.8.1933, p. 2; MBL 1/2/4/1/33: Algemene vergadering, Naturelle-adviesraad, 26.2.1940; MBL 1/2/4/1/36: Algemene vergadering, Naturelle-adviesraad, 13.7.1943, p. 1 en 19.7.1943, p. 3; *The Friend*, 20.5.1922 (The Natives Urban Areas Bill), en 30.9.1925 (Location natives); U.G. 14-1927, pp. 19 en 22; L. Kuper, *An African bourgeoisie: race, class and politics in South Africa* (New Haven, 1965); pp. 332-333.

[20] Roux, *Time longer than rope*, p. 153; Marks en Trapido, *The politics of race*, pp. 257-258. (Vgl. ook Marks en Trapido vir die omvang van ekonomiese protes op die platteland); *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 479; T. Lodge, *Black politics in South Africa since 1945* (Johannesburg, 1987), pp. 3-4. Vir premier J.B.M. Hertzog se sg. 'beskaafde arbeidsbeleid', kyk T.R.H. Davenport, *South Africa, a modern history* (Johannesburg, 1987), p. 533.

[21] U.G. 34-1922, pp. 1-2; *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 479; P.L. Wickens, *The Industrial and Commercial Workers' Union of South Africa* (Kaapstad, 1978), p. 44.

werking met die stad se werkgewers, die minimumloon op 2s.9p. tot 3s. per dag vasgestel. Sommige werkgewers het hulle lone egter na 2s. verlaag.[22]

So 'n loonverlaging was waarskynlik nie slegs aan ekonomiese druk te wyte nie, maar ook aan die praktyk van die stadsraad om werklose swartes in die swart woonbuurte te versamel. Dit het 'n bron van surplus arbeid geskep wat die stadsraad en ander werkgewers in staat gestel het om lone laag te hou. Hoeveel werkloses op dié wyse in die woonbuurte versamel is, is onbekend. Uit getuienis voor die Kommissie van Ondersoek kan slegs afgelei word dat dit 'verskeie honderde' was. Die munisipale Departement van Naturelle-administrasie was in staat om hoogstens 10 % van die honderde swartes wat jaarliks die woonbuurte betree het deur die uitreiking van werkpermitte te kontroleer. Die pers en die Kommissie van Ondersoek het die stadsraad verkwalik omdat die woonbuurte baie vergroot het juis omdat dit as bron vir die onmiddellike arbeidsbehoeftes van Bloemfontein moes dien. Voor die oproer was daar inderdaad geen spoor van daadwerklike optrede, met of sonder die samewerking van die regering, om instromingsbeheer toe te pas nie. In die lig van die landwye ekonomiese insinking en die rol wat leeglêers en werkloses waarskynlik in die oproer gespeel het, was dit onverantwoordelik van die stadsraad om werkloses in die woonbuurte te versamel.[23]

Ter verdediging van sy standpunt het die stadsraad aangevoer dat pogings in die verlede misluk het om werkloses ingevolge die Naturelle-stadsgebiedewet na hulle vorige werkplekke te repatrieer. Benewens bykomende personeel om repatriasies te hanteer, was die vraag ook waarheen hulle gestuur moes word indien hulle nie by hul vorige werkplek ontvang kon word nie. Morele oorwegings was dus ook op die spel. Die werkkolonies en hostels wat die wet as alternatiewe beheermaatreëls geskep het, is deur die raad, weens die koste daaraan verbonde, na die sentrale regering verwys. By gebrek aan voldoende geld en personeel het die raad dit selfs moeilik gevind om die houers van werkpermitte gereeld te kontroleer.[24]

Lede van die stadsraad en die Komitee vir Naturellesake het weer die vroeëre minimumloon van 3s. voorgestel. Hulle het voorsien dat die ICU-voorstel van 'n loonkoers van 6s.6p. tot 'n oorstroming van die woonbuurte deur swartes sou lei en werkgeleenthede beperk. Die armblankes wat bereid was om vir laer lone te werk, kon voordeel uit die situasie trek. Die ICU, ondersteun deur die Naturelle-adviesraad, het egter geweier om van sy standpunt oor hoër lone af te sien. Hulle het in 'n uitgebreide voorlegging alle noodsaaklike uitgawes teen die beraamde inkomste van 'n gesin van vier, vyf en agt persone in berekening gebring. In die geval van 'n gesin van vier persone was die beraamde inkomste 72s. (£3 12s.) en uitgawes 162s. 6p., (£8 2s.6p.) met 'n gevolglike tekort van 90s. (£4 10s.). Selfs indien die vrou van die broodwinner ook gewerk het, was die maandelikse inkomste van die gesin selde hoër as 100s. (£5). Die vrou se bydrae was egter wisselvallig omdat sy deur siekte, bevallings of kinderopvoeding nie gereeld geld kon verdien nie.[25]

Pogings van die ICU en die Naturelle-adviesraad om op die vooraand van die oproer 'n beter ekonomiese bedeling vir Bloemfontein se swart werkers te beding, is deur die stadsraad afgekeur. Die negatiewe houding van wit Bloemfontein te midde van die heersende ekonomiese druk was 'n vrugbare teelaarde vir die ICU se oproep tot protes. Die protesaksie van 1919 was nog vars in die geheue. Daarby het die afgelope wêreldoorlog met sy nasionalistiese wortels, die swart pers, die toenemende skoling van swartes en die pasverskene boeke van D.D.T. Jabavu en S.M. Molema oor die politieke posisie van swartes ook 'n uitwerking op hul reaksies en optrede gehad. Die ICU en die ANC met hulle politieke en ekonomiese oogmerke (beide ook nie sonder kommunistiese beïnvloeding nie) het swartes duidelik aan hulle agterstand herinner en tot aksie aangespoor.[26] J. Mpenda, lid van die Naturelle-adviesraad en van die uitvoerende komitee van die ICU, het in die twee dae voor die oproer minstens drie vergaderings — wat deur ongeveer 350 mense bygewoon is — toegespreek oor ANC-hulp en hulle looneis wat volgehou moes word.

Die gegriefdheid oor lone was verantwoordelik vir die onrus en vyandigheid jeens wit oorheersing op die vooraand van die oproer. Na die oproer het die loonvraagstuk voortgesloer tot in 1929 toe die Loonraad wat deur die Loonwet van 1925 ingestel is, die minimumdagloon op 3s. 6p. vasgestel het — weliswaar nog nie genoeg om swart werkers van 'n behoorlike inkomste te verseker nie.[27]

Die Naturelle-adviesraad het 'n bepaalde rol gespeel in die omstandighede wat die oproer voorafgegaan het. Dat die stadsraad, munisipale amptenare soos die lokasiesuperintendent, die pers en lede van die plaaslike tak van die ANC die doen en late van die adviesraad in die swart gemeenskap bevraagteken het, verdien aandag.[28] Die Naturelle-stadsgebiedewet het voorsiening gemaak vir 'n naturelle-adviesraad as skakel tussen die inwoners van die swart woonbuurte en die stadsraad en om laasgenoemde ook van advies oor die lewensomstandighede van die inwoners te dien. Die vyftien lede (blokmanne) van die Bloemfonteinse adviesraad het saam met die munisipale Departement van Naturelle-administrasie beheer oor Waaihoek en die ander swart woonbuurte uitgeoefen.[29]

Die adviesraad is op talle punte gekritiseer. Die oplossing van dispute tussen die inwoners onderling en met die

22 MBL 1/2/4/1/7: Algemene vergadering, Komitee vir Naturellesake, 9.2.1925; *The Friend*, 21.4.1925 (Central city's day of tragedy); Vir die *modus operandi* van die ICU, vgl. Roux, *Time longer than rope*, pp. 158-159 en Marks en Trapido, *The politics of race*, pp. 258-259.

23 *The Friend*, 15.9.1925 (Redaksioneel) en 30.9.1925 (Location natives); *Staatskoerant*, 11.9.1925, pp. 479 en 481.

24 MBL 1/2/4/1/8: J.P. Logan-Burgemeester, 14.9.1925; *Staatskoerant*, 11.9.1925, pp. 478 en 481. Vir 'n vollediger bespreking van die werkloosheidsvraagstuk in Bloemfontein, kyk MBL 1/2/4/1/8: Kwartaalverslag, Komitee vir Naturellesake, September 1925, pp. 1-2 en 6-8; *The Friend*, 30.9.1925 (Location natives); Naturelle-stadsgebiedewet, no. 21 van 1923, Artikel 12 en 17; MBL 1/2/4/1/7: Maandverslag, Februarie 1925 en Agenda, Komitee vir Naturellesake, 7.4.1925; MBL 1/2/4/1/8: Maandverslag, Augustus 1925, Aanhangsel B en E; MBL 1/2/4/1/9: Algemene vergadering, Naturelle-adviesraad, 29.1.1926.

25 MBL 1/2/4/1/9: Spesiale vergadering, Komitee vir Naturellesake, 4.2.1926, pp. 1-2 en 4; Kyk ook A. Linton, 'Native Economic Commission's Report, Natives in urban areas', *The South African Outlook* 62 (738), 1.11.1932, p. 211.

26 U.G. 34-1922 pp. 1-5.

27 MBL 1/2/3/1/8: Superintendent van Lokasies-Voorsitter, Komitee vir Naturellesake, 6.10.1925, p. 8; MBL 3/1/19: Burgemeestersrede, 1931-32, pp. 304; K. Schoeman, *Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad 1846-1946* (Kaapstad 1980), p. 284; *Staatskoerant*, 11.9.1925, p. 478, *The Friend*, 2.5.1925 (Court sequel to location riots). Vir die verdere verloop van die loonvraagstuk, kyk M.J.M. Prinsloo, ' 'n Sosiaal-ekonomiese studie van die Bloemfonteinse distrik 1902-1938' (M.Comm., UOVS, 1947), p. 188; Wickens, *The Industrial and Commercial Workers' Union*, p. 89 e.v.; C. Kadalie, *My life and the ICU* (Londen, 1970), pp. 69 en 74.

28 MBL 1/2/4/1/22: Onderhoud in Naturellepaskantoor, Bloemfontein, tussen verteenwoordigers van die ANC, die Naturelle-adviesraad en bestuurder van die Departement van Naturelle-administrasie, 21.4.1933; *The Friend*, 28.9.1925 (Waaihoek riots in April) en 29.12.1925 (Redaksioneel).

29 *Staatskoerant*, 11.9.1925, pp. 479 en 481; C.J.P. le Roux, 'Rol van die Naturelle-adviesraad op plaaslike bestuursvlak in Bloemfontein, 1923-1948', *Contree* 25, April 1989, pp. 5-11; MBL 1/2/4/1/8: Kwartaalverslag, Komitee vir Naturellesake, September 1925, pp. 1-2, 6-8. Vgl. hierdie bronne vir besonderhede oor die verskuiwing na Batho van die inwoners van Waaihoek, Bethanie en No 3. Location na die oproer.

stadsraad, interpretasie van munisipale regulasies en wetgewing en die bekamping van onwettige bierbrouery — kortom, die handhawing van wet en orde — is nie behoorlik deur die adviesraad nagekom nie. Veral die oproer in Waaihoek was 'n ernstige aanklag teen die doeltreffendheid van die adviesraadslede.

Daar hang 'n vraagteken oor adviesraadslede soos J. Mpenda, wat voor die oproer opruiend opgetree het in vergaderings oor voortgesette looneise. Die vraag is voorts of die adviesraad nie 'n beduidender rol kon speel in die bekamping van die onwettige bierbrouery nie, aangesien die munisipale regulasies vir sorghumbier die onmiddellike oorsaak van die opstand was. Die interpretasie van die munisipale sorghumbierregulasies en die bekamping van onwettige bierbrouery was besondere take van die raad. In die raadsnotule kon egter geen aanduiding gevind word dat die verpligtinge voor die oproer nagekom is nie.[30]

Die bemiddelende of selfs kalmerende rol wat die raadslede tydens die oproer moes speel, het ook nie plaasgevind nie. Kritici het hulle pligversuim gewyt aan 'n gebrek aan mede-verantwoordelikheid vir gemeenskaplike belange, ervaring en leiershoedanighede. Na die oproer is op aanbeveling van die Komitee van Ondersoek voorsiening gemaak vir 'n polisiestasie in Batho om die adviesraad in die uitvoering van sy pligte te ondersteun. Die kommissie se slotsom was dat die raad nie die toets wat die gebeure van 19 en 20 April aan hom gestel het, geslaag het nie.[31]

## BESLUIT

Die oproer van April 1925 in Waaihoek, Bloemfontein, het gestaan in die teken van die algemene onrus wat landwyd geheers het. Die Bloemfontein-oproer was betekenisvol veral wat getalle, oorsake en gevolge betref. Na raming was ongeveer 3 000 oproeriges uiteindelik betrokke — 15 % van die inwoners van die swart woonbuurt. Die loon- en sorghumbiervraagstuk was onteenseglik die hoofoorsake van die oproer. Vir die oproermakers was die gevolge egter teleurstellend omdat aan hulle griewe nie onmiddellike aandag gegee is nie. Die oproer het voorts tot vyf sterftes, minstens 24 beseerdes en 175 inhegtenisnemings gelei.

*Lt-kol. G.S. Beer, adjunk-kommissaris van polisie wat in bevel was van die polisie-optrede tydens die oproer.* FOTO: *The Friend*, 25.5.1925



In die 1925-gebeure het die onvermoë van die plaaslike owerheid en die polisie om gesonde rasseverhoudinge te help handhaaf en 'n versoenende rol te vervul duidelik na vore getree. Die oogluikende toelating van burgerlikes om tydens die oproer op die oproeriges te skiet en as't ware die reg in eie hande te neem, het wit-swart-verhoudinge onberekenbare skade berokken en die polisie-optrede in 'n ongunstige lig gestel. Die onoordeelkundige optrede van die polisie tydens klopjagte en summiere arrestasies het die gereg verder tot oneer gestrek. Die optrede van die polisie kan dus bevraagteken word. Dat die Kommissie van Ondersoek hom weerhou het van kritiek op die optrede van die polisie het ernstige refleksie op sy objektiewe oordeel en geloofwaardigheid gewerp.

Ook die stadsraad is nie van ernstige nalatigheid en 'n onsimpatieke gesindheid vry te spreek nie. Dit het toegelaat dat twee belangrike sake soos die sorghumbier- en loonvraagstuk wat 'n integrerende deel van die swart gemeenskapslewe uitgemaak het, die hoofoorsake van 'n oproer word.

Die stadsraad was deur die polisie, die pers, en sy eie Departement van Naturelle-administrasie in die Naturelle-adviesraad op die hoogte van die toenemende ontevredenheid onder swart inwoners en hul verslegtende lewensomstandighede. Die positiewe bydrae van die adviesraad tot die loonkwessie het egter deels vergoed vir sy versuim op ander terreine soos die sorghumbiervraagstuk en die algemene handhawing van wet en orde. Die stadsraad was egter nie wetlik verplig om die aanbevelings van sy organisasies uit te voer nie. Die gevolglike onmag van die adviesraad en die aanspreeklikheid van die Departement van Naturelle-administrasie teenoor die stadsraad (wat aan sy kiesers verantwoordelik was) het bewilliging van geld deur die raad of besteding deur die ontoereikende naturelle-inkomsterekening prakties gesproke afgesny. Die gevolg was dat 'n verskeidenheid van oorsake en griewe (met die loon- en sorghumbiervraagstuk op die voorpunt) jare lank sluimerend was, terwyl weinig gedoen is om hulle uit te skakel. Dié toedrag van sake moes onvermydelik op oproer afstuur.

Die oplossing van die loon- en sorghumbierkwessie was binne bereik van die stadsraad, aangesien daar letterlik jare tyd was om dit op te los. Die raad het sy goeie oordeel egter laat oorheers deur die ekonomiese belange van sy wit kiesers ten koste van regmatige swart belange. Vandaar die oorbevolkte woonbuurte om surplus arbeiders en lae lone vir swartes te verseker, die weiering van handelsreg aan swartes (wat 20 jaar later eers toegestaan is), en die gesloer van meer as tien jaar met die sorghumbier- en loonvraagstuk.

[30] MBL 1/2/4/1/7: Kwartaalverslag, Departement Naturelle-administrasie, Maart 1925, p. 3; Le Roux, 'Rol van die Naturelle-adviesraad', pp. 9-10; MBL 3/1/19: Burgemeestersrede, 1928-29, p. 16; T.R.H. Davenport, 'Africans and urban local government after 1910' (Grahamstad, ongedateerde manuskrip), p. 2.

[31] MBL 1/2/4/1/12: Jaarverslag, Departement Naturelle-administrasie, Maart 1927, p. 6; *Staatskoerant*, 11.9.1925, pp. 479 en 481; *The Friend*, 28.9.1925 (Waaihoek riots in April).